
TEMMERS VAN
DIE WOESTYN
No. 32
Die Nagwind
Ween
braam le roux

Hannes spring teen die toonbank vas en dan is Johan by. Die eerste hou tref Hannes op die bors. Die tweede brute hou weer hy af met sy voorarm en toe die derde kom, buk hy vinnig en die vuis swiep oor sy kop. Hulle staan nou voet aan voet, maar die hou wat Hannes mis, verstoor Johan se ewewig. Vir 'n oomblik is sy ribbekas oop voor Hannes. Met houe wat nie ver trek nie, klits Hannes hom in die ribbes en dan sien hy sy kans en stamp Hannes van hom af weg. Dit is 'n onverwagte en vinnige beweging. Johan steier agteruit en Hannes spring agterna. Nou is Johan se ken vir enkele sekondes oop voor hom en voordat Johan kan keer het Hannes drie harde houe onder sy kakebeen geplant.
Johan val tussen sy ondersteuners terug, maar hulle druk hom orent en dan vlieg hy weer woedend onder Hannes in.

Stofomslag Chris du Plooy



## INHOUD

| Hoofstuk | Bladsy |
| --- | --- |
| 1. Onbekende Swerwer | 3 |
| 2. Kruitrook en Bloed | 19 |
| 3. Pad van die Dood | 35 |
| 4. Nag Sonder Geluide | 51 |
| 5. Die Dood Reis Saam | 66 |
| 6. Hut in die Kloof | 82 |

## Hoofstuk 1

## ONBEKENDE SWERWER

Dit is 'n heerlike gevoel wat hier in Natie Visser opbruis. Hy sit regop in die saal en sy wakker oë fynkam die ruwe bergwêreld hier voor hom. Die rotse is nog nat van die reën van gisteraand. Ja, die Kalahari het reën gekry, reën in September, en dan lyk alles altyd so anders, so lewendig, so vars. Daar is 'n opwekkende geur in die lug, 'n geur wat die bloed vinnig deur jou are jaag en wat jou bly en opgewek stem. So voel Natie vanmôre hier aan die rand van die Kalahari. Selfs die perd onder hom loop skeef-skeef van pure uitgelatenheid. Natie klop die dier teen sy nek en hy is weer fel bewus van die heerlike gevoel hier binne-in hom.

Toe die vyftienjarige Natie Visser op hierdie plaas aangekom het, 'n maand gelede, was hy erg swartgallig. Die lewe het vir hom so hopeloos gelyk. Sy swaer het hom laat kom na sy vader se dood om ,,sy suster te kom oppas.'' Natie Visser het al herhaalde kere besluit dat hy glad nie van sy swaer, die breedgeskouerde Johan Weyers, hou nie. Hy praat altyd met hom asof hy nog 'n pure kind is en die meeste van die tyd snou hy hom toe as hy vir hom 'n werkie gee.

Nee, Johan Weyers is vir hom die voorbeeld van uiterste norsheid en onbeskoftheid. Maar Natie het geen ander keuse gehad nie. Hy moes hier kom bly, hier op Doornbult, godverlate Doornbult, maar hy moet sê, vanoggend lyk hierdie Doornbult alles behalwe verlate. Hy kan die reën nog ruik. Vanoggend lewe hy, maar hierdie nuwe gevoel het 'n week gelede al begin toe Johan Weyers vertrek het, waarheen weet Natie nie eens nie en hy gee ook nie om nie, want die plaas is anders vandat swaer Weyers nie meer die lug met sy teenwoordigheid besoedel nie.

Hy en sy suster Alba bly nou in vrede en dit is nogal lekker om die man van die huis te wees. Maar hy weet dat Alba erg bekommerd is. Sy het haar man die volgende dag na sy vertrek weer terug verwag, maar al wat kom is Johan. Natie weet dat sy snags nie slaap nie en hy weet dat die bekommernis haar gedurende die dag opvreet. Haar oë is telkens daar in die verte gerig, daar waar die dowwe pad oor die hoogte kom, weer in die leegte verdwyn om weer hier vlak voor die opstal op te duik. Dit moet seker vreeslik vir 'n vrou wees om so te wag op die koms van haar man. Hy kyk

soms so na Alba en dan lyk dit asof haar onderlip bewe. Sy moet erg bekommerd wees en miskien bang ook, want die rondloper-Griekwas is in die afgelope tyd uiters bedrywig en moedswillig. Hulle het nou die dag 'n transportryer langs die pad beroof en doodgeslaan.

Natie Visser ry vanoggend in die veld rond, deurkruis die klowe en die koppe omdat hy na ou Kleintjie, hulle enigste melkkoei, soek. Die dier het gisternag weggeraak en Natie kan nie anders as om te dink dat die vuil Griekwas vir haar ook gesteel het nie. Hy is seker dat hierdie basters presies weet dat die baas van die plaas nie hier is nie en nou maak hulle presies wat hulle wil. En hulle word alhoemeer astrant. Gister het Natie drie van hulle op hierdie rant gesien, geen kilometer van die huis af nie. Hy het hulle lank deur die verkyker beskou. Hulle het uiters verdag voorgekom. Natie is byna seker dat dit hulle is wat ou Kleintjie daar op die werf kom steel het.

Natie hou sy swart perd in en dan staar hy terug na die opstal daar ver in die leegte, seker byna vier kilometer vanwaar hy staan. Hy sien die rokie wat lui, maar lustig uit die skoorsteen omhoogstyg. Die sinkdakhuisie lyk van hier af klein en nietig. Hy weet dat sy lui swaer die huisie sommer vinnig uit sink en hout saamgetimmer het. Natuurlik kon hy 'n veel beter huis gebou het. Hy kan ook meer beeste aanhou, maar blykbaar is daar ander dinge waarin hy belang stel. Hy het dertig stuks beeste hier aangebring en sowat vyftig bokke, twee donkies en vier perde, en verder 'n paar hoenders. Maar dit lyk vandag versukkeld op Doornbult se werf, want 'n mens sou sê dat die Weyerse versukkelde mense is. Alba, Natie se suster, werk en sloof haar af, maar alleen kan sy nie hier uit die ellende opstyg nie. Voordat Johan nog vertrek het, het die basters reeds vyftien van sy beeste gesteel, meer as die helfte van sy bokke. Natie wonder hoeveel daar nou nog oor is. Hy kry nou die idee dat hy Johan hoor sê het dat hy na De Bron gaan om die Vrederegter te probeer spreek oor hierdie diefstalle. Maar waarom kom die man nie terug nie?

Natie bring die klein verkykertjie na sy oë toe en hy sien sy suster daar op die werf. Hy sien haar vinnig aanstap na die los stukke hout toe wat daar naby die perdekraal lê. Hy weet sommer dadelik wat haar plan is. Sy gaan alweer houtkap. Hy sien duidelik hoe dat sy die byl oplig, die hout regskuif en dan begin kap. Hy skud sy kop. Hy het haar gesê dat hy gou sal terugkom om daardie





werk te doen, maar sy wil nie luister nie.

Natie draai sy perd vinnig om en begin terugry in die rigting van die huis. Hy kry Alba so innig jammer. In die laaste tyd staan sy snags drie, vier keer op om in die maanlig deur die venster te kyk na die dowwe pad wat oor die heuwels kronkel. Hy weet dat sy 'n groot onrus deurstaan en hy weet dat die vraag haar gedurig pynig: Waar kan Johan bly?

Hy spoor sy perd tot 'n galop aan, maar hou die dier feitlik sommer weer dadelik in. Daar langs 'n rotsstuk sien hy iets, iets wat swart langs die graniet vertoon. Hy ry versigtig nader en dan trek hy sy asem diep in. Daar langs die rotsstuk lê 'n paar stukke hout en 'n hopie as. Dit is dadelik vir Natie duidelik dat iemand daar 'n vuurtjie gemaak het. Hy bly op sy perd sit en dink dadelik aan die Griekwas. Dit is heel waarskynlik hulle werk. Moontlik het hulle die nag hier deurgebring en toe hierdie vuurtjie aangesteek. Wie anders sal hier in die veld vuurmaak?

Sy hart begin vinniger klop. Hy moet versigtig wees. Hierdie basters is woeste karnallies en hulle ken geen genade teenoor die boere nie. Natie stuur sy perd versigtig nader. Die dier is bra senuweeagtig. Hy spits sy ore en dit is asof hy half terugrem. Hy hou die stukke uitgebrande hout ook dop.

Natie sien die rotsstuk voor hom en hy hou vir 'n oomblik die kwarrie en trassiebosse daar agter noukeurig dop. Daar waai geen windjie vanoggend nie en daar is geen beroering in die bosse nie. Daar kan egter maklik iemand skuil.

Binne tien tree van die ashopie af, spring Natie van sy perd af. Sy oë is nou op die uitgebrande hout gerig. Ja, dit ly geen twyfel nie, hierdie vuurtjie is vannag hier aangesteek. Die hout is nog vars gebrand. Hy loop tot by die as en krap daarin. Daar is nog stukke lewendige kole en hy kom vinnig orent. Hierdie vuur is nie vannag nie, maar vanoggend aangesteek. Die jong seun word ineens bang. Die Griekwas moet nog hier naby êrens wees. En dan sien hy die stukke kaalgeëte bene. Hy tel 'n ribbetjie in sy hand op. Die boerseun weet dat hierdie beentjie eens die ribbe van 'n bok uitgemaak het. Tag, dink hy, maar die vuilgoed word nou astrant. Hulle steel nie net alleen die bokke nie, maar sit en vreet hulle hier op die plaas. Hy skop in die as met sy veldskoen en dan draai hy om na sy perd toe, maar ineens gee die dier 'n kortaf snorkgeluid en hy ruk sy kop omhoog en swaai dan met kappende hoewe om.

Natie swaai vinnig om, want hy weet dat iets die perd die skrik

op die lyf gejaag het. Hy is net betyds om 'n groot Griekwa vinnig oor die rotsblok te sien klouter en twee ander spring tussen die kwarriebosse te voorskyn. Die een slinger reeds 'n klip na Natie toe. Die seun koes vinnig en die klip fluit bo-oor hom. Nou besef hy onmiddellik dat hy vandag wreed toegetakel gaan word. Die perd het tot agter 'n volstruisbos gehardloop en daar staan hy nou die toneel en besigtig. Natie sien die kolf van sy geweer wat daar uit die geweersak langs die saal uitsteek. Hy sal die geweer in die hande moet kry, anders het hy geen kans nie. Hy swaai dadelik om en hardloop vir so al wat hy werd is. Maar die voorste Griekwa is reeds tien tree van hom af. Dit is 'n ou grote met breë skouers en veel dikker lippe as die gewone Griekwa.

Natie weet reeds dat hy dit nie gaan maak nie. Op daardie oomblik knal 'n skoot agter hom en die grond word hier tussen sy bene opgepiets.

,,Staan of ons skiet jou dood!'' skree een van die basters.

Natie steek vas, draai om.

Hy sien nou eers dat een van die basters 'n rewolwer in sy hand het, van die tipiese langloop Mauser-rewolwers, dieselfde soort wat die blanke boere in hierdie buurt by hulle dra.

Die frisgeboude Griekwa steek vlakvoor die seun vas en kyk hom vinnig op en af.

,,Wat soek jy hier rond, seurtjie?''

,,Wat soek ek. . .? Jy meen wat soek julle hier. Hierdie is Doornbult, my swaer se plaas. Julle het geen reg om hier te wees nie.''

,,Moenie parmantig wees nie, Deusman. Waar is die baas van hierdie plaas?''

,,Natuurlik is hy hier. . . hy is by die huis.''

,,Hoekom kom hy nooit uit nie?'' lag die Griekwa hier in sy gesig.

Natie word bleek.

,,Wat het dit met julle te doen? Ek gee julle tien minute om van die plaas af te trap,'' skree die seun woedend.

Skielik begin die groot Griekwa lag en sy hand skiet uit. Dit brand waar dit die seun op die wang tref. Natie kom vorentoe, met gebalde vuiste, maar nou sak al drie op hom toe.

,,Jy lieg mos, Deusman,'' brul die ou grote. ,,Die baas van die plaas is nie hier nie. Dit is net jy en jou suster en nou gaan jy ons uitnooi om 'n koppie koffie saam met jou te drink, maar eers wil





ons jou 'n les leer, seurtjie.''

Die vuishoue kom vinnig. Die seun ontduik 'n paar, maar die drie basters kom met mening en lag-lag deel hulle die slae uit. 'n Hou wat die seun tussen die oë tref, laat hom oor die gruis skuif. Hy kom dadelik weer op en dan sien hy dat die grootste Griekwa sy breë lyf band afhaal en dit nou dreigend hier voor hom swaai, terwyl sy gesig vertrek is van sadisme.

,,Wag, kêrels, laat ek hom 'n pak gee, 'n lieflike pak slae, soos hy nooit van sy pa gehad het nie.''

Natie probeer die hou afweer, maar die breë stuk leer krul hier om sy pols en toe die Griekwa die slaanding terugruk, ruk hy Natie van sy voete af. Natie kyk vinnig op en hy staar vas in die oë van die baster wat hier wreed oor hom troon en dan kom die eerste hou. Dit kom op sy ribbes te lande en as die baster terugruk, kom 'n stuk hemp saam. Trane skiet in Natie se oë en die gelag van die ander twee basters klink skielik soos die gekoggel van duiwels. Natie probeer opkom, maar net as hy amper op sy voete is, fluit daardie leergordel deur die lug, krul om sy hande en lyf en slinger hom weer teen die grond neer.

Skielik hoor Natie hoe een van die Griekwas gil en 'n ander een skree:

,,Pasop, Adam, hier kom iemand!''

Op daardie oomblik tref 'n harde hou vir Natie op die rug. Die seun, wat half op sy knieë gekom het, sak weer teen die grond neer. Hy hoor skielik hoe die basters vinnig padgee en dan knal daar 'n skoot. Natie kreun en probeer weer opkom. Hy draai hom half om en dan sien hy uit die hoek van sy oog hoe 'n slank geboude witman die groot Griekwa wat hom 'n oomblik gelede so 'n ongenadige loesing gegee het, om die lyf gryp en teen die grond neerslinger. Dit is ineens vir Natie of hy droom. Vir 'n siedende oomblik sien hy die bebaarde gesig van die witman. Hy sien hoe dat die baster teen die grond neerval en dan hardloop die atleties geboude blanke vinnig agter die ander twee basters aan wat tussen die kwarriebosse inspring. . . En toe word dit ineens donker voor Natie toe hy hom hoër probeer oplig. 'n Oomblik later lê hy met sy gesig in die grond en hy sien nie hoe dat daardie blanke nog steeds agter die basters aanhardloop nie. Die een Griekwa met die rewolwer skiet weer 'n skoot af, maar die slank geboude vreemdeling val agter die groot rots in en dan bulder sy rewolwer. Die Griekwa met die rewolwer uiter 'n kreet en sy rewolwer word op die grond geslinger. Die

koeël uit die blanke se rewolwer het die ysterloop van die Griekwa se wapen getref en dit uit sy hand geruk.

'n Oomblik later hardloop die Griekwas vir so al wat hulle werd is. Drie perde staan 'n endjie van hulle af onder 'n oorhangende krans. Hulle bereik die perde reeds toe die blanke agter die rotsstuk opspring.

Dit lyk asof hierdie vreemdeling stadig beweeg, of sy houding soos een is wat moeg is, uitgeput is. Hy hardloop net 'n endjie agter die Griekwas aan, maar as hy sien dat hulle vinnig met twee van die perde wegjaag, sak hy op 'n rotsstuk neer en haal hard asem. Daar kom egter 'n glimlag om sy mondhoeke as hy die perd daar onder die oorhangende krans opmerk. Dit is natuurlik die groot baster se perd wat nou daar anderkant die rots orent probeer kom, net op die plek waar die vreemdeling hom neergepiets het.

Die vreemdeling kom orent en vee vinnig oor sy swart hare wat deurmekaar staan en al peuter om hier oor sy oë te val. Met helder blou oë hou hy die swaar Griekwa dop. Hy het sy rewolwer stadig in die swart leersak aan sy gordel laat ingly. Die glimlag is steeds om sy mondhoeke.

Die Griekwa sien hom en dan hardloop hy sommer 'n wye draai om hom. Die blanke kom so vinnig as hy kan nader, maar dit is duidelik dat sy ledemate loodswaar is. Hy sit hom nie vinnig agterna nie. Die swaar Griekwa verdwyn tussen die kwarriebosse en dit is duidelik dat hy net een doel voor oë het, naamlik om so gou moontlik by sy perd uit te kom.

,,Staan, Griekwa, of ek skiet jou op die plek dood," skree die man half uitasem, maar die Griekwa slaan nie ag op die bevel nie. Hy vleg vinnig tussen die kwarriebosse deur en op daardie oomblik kom Natie weer tot sy positiewe. Hy vryf oor sy voorkop en staan dan mank-mank op. Tot sy verligting sien hy sy perd hier by hom agter 'n wag-'n-bietjie-boom. Hy sukkel soontoe, maar dan sien hy die vreemdeling met die rewolwer in sy hand, geen honderd tree van hom af nie. Die vreemdeling sien hom egter nie raak nie, want met arendsoë kyk hy in die rigting van die kwarriebosse waar Adam, die Griekwa, probeer wegkom.

Natie trek sy asem in. Skielik sien hy die Griekwa gebukkend tussen die kwarriebosse deursny. 'n Kille woede klim in die seun op. Hy hardloop kreunend na die perd toe en gryp die geweer uit die sak langs die saal. Hy haal dit vinnig oor en dan trek hy op die Griekwa los. Twee, drie keer klap die koeël en dan slaan die stof





net langs Adam op. Die Griekwa val dadelik plat en die vreemde, bebaarde witman, kyk vinnig om en dan sien hy die seun met die geweer. Natie hurk op sy een knie en hy lê alweer aan.

Die vreemdeling lag breed, sodat sy wit tande tussen sy stofbelaaide baard en snor uitloer. Hy maak 'n beweging met sy hand en behendig gooi hy sy rewolwer weer in sy leerskede terug. Vinnig draai hy sy rug op die seun en dan begin hy aanstap na die hol krans toe waar die Griekwa se swart perd verbouereerd begin word oor die knal van rewolwerskote. Sy loop is 'n sukkelloop en hierdie keer sien die seun hom nie raak nie, want hy het slegs een doel voor oë en dit is om daardie Griekwa te vang, halfdood of springlewendig. Hy is nie van plan om hom dood te skiet nie, maar hy wil hom darem seermaak as dit al manier is om hom in die hande te kry. Die Griekwa lig sy kop en op daardie oomblik trek Natie weer los met 'n vasberade trek op sy gesig. Die koeël sing onheilspellend oor die Griekwa se kop en klap dan teen 'n boomstam reg voor Adam vas. Nou begin die Griekwa hees skree:

,,Moenie skiet nie, seur, seblief, moet nie skiet nie."

Die frisgeboude Griekwa rol vinnig om en probeer agter 'n plaat trassiebosse induik. Maar dan knal daar weer 'n skoot en hierdie keer brand dit deur die vleis van Adam se voorarm. Die Griekwa skree luid en roep:

,,Jy het my raakgeskiet, Basie. Jy het my raakgeskiet."

Natie staan nou op. Hy laat die leë doppie uit die geweerslot val en loop met sy seer liggaam vinnig na die kwarriebosse toe waar die Griekwa hees uitroepe uitstuur. Natie se klere is geskeur en lang, bloedige wonde is aan sy rug en arms. Uit die hoek van sy oog sien hy dat die witman die Griekwa se perd bereik het en nou moeisaam in die saal klim en dan stadig aangery kom na die seun toe.

Natie Visser haas hom na die Griekwa toe en nou staan hy hier by hom met die loop teen sy kop.

,,Jou lae Griekwa. Ek sal sorg dat jy opgesluit word, hoor. Miskien word jy nog gehang ook."

Natie hoor hoe die hoewe van die perd hier agter hom op die harde grond klap. Hy draai om en staar dan die volgende oomblik in die verweerde gesig van die vreemdeling. Vir 'n oomblik hou Natie hom ademloos dop: die helder blou oë, die gesig met die glimlag om die mond en die stofbevuilde baard wat die rooi lippe omring, die kuif wat weerbarstig al oor die man se oë val. Hy sien die gehawende toestand van die vreemdeling. Sy hemp het byna

geen moue nie en die spiere vertoon duidelik op sy bo-arm. Op sy voorkop lê diep fronse.

,,Môre, seun,'' groet die man.

,,Môre, Omie,'' sluk Natie skaam terug. ,,Baie. . . baie dankie dat Omie my uit die verknorsing kom red het.''

,,Dit is reg. . . en jy het my gehelp om hierdie Griekwa weg te hou van sy perd af sodat ek hom kon kry. Sy geluk dat hy te ver vir my rewolwer was. En ek kon skaars meer beweeg, ou seun.''

Daar kom gedagtes en vrae in Natie op. Hy sien hoe dat die man uit die saal klim en met moeë bene aangestap kom. Sonder een enkele woord loop tot by die Griekwa. Adam kyk hom met bang oë aan.

,,Wat gaan jy doen, Baas?''

Maar die man antwoord nie. Hy gryp skielik die leergordel om die Griekwa se middel vas en die volgende oomblik ontgespe hy dit en ruk dit van die baster se lyf af. Adam sien onmiddellik wat sy plan is en hy begin vinnig soebat. Die vreemdeling maak egter asof hy niks hoor nie. Die leergordel fluit in die lug en dan kom dit ongenadig op die Griekwa se lyf neer. Die Griekwa val teen die grond, sukkel net soos Natie op, maar word dan weer met die volgende hou neergevel.

Vier keer slaan die witman en dan gooi hy die gordel op die Griekwa neer. Spuug drup uit Adam se mondhoeke.

Die vreemdeling en die seun se blik ontmoet mekaar.

Die vreemdeling kyk weg en dan stap hy na die perd terug. Hy bestyg dit.

,,Dit sal hom volgende keer twee keer laat dink voordat hy ander weer so slaan,'' mompel die vreemdeling.

'n Heerlike laggie wel in Natie op. Hy kyk op na die vreemdeling.

,,Kom. . . kom ons gaan huis toe, Omie. My suster kan vir ons koffie gee. Omie lyk moeg.''

,,Jy is doodreg. Ek is doodmoeg.''

Maar skielik hoor hulle hoefslae opklink. Vinnig draai die man op die perd om en staar na die vallei, na die huisie daar in die leegte, en dan sien hy die twee perderuiters wat vinnig teen die hoogte op gegaloppeer kom. Natie kyk ook en dan sien hy wie die twee ruiters is.

,,Twee polisiemanne,'' kondig hy aan. ,,Hulle kom seker van De Bron. Nou kan hulle hierdie karnallie sommer saamvat.''





Hy kyk vinnig op na die vreemdeling. Die frons op die man se voorhoof word dieper.

,,Polisie-manne daardie? Is jy seker?''

,,Ja, Omie, ek ken hulle goed. Dit is oom Snowy en oom Wessie.''

,,So?'' sê die vreemdeling. ,,En hulle is bra haastig. Nou ja, ou seun. Dan het jy my nie meer nodig nie. Tot siens!''

Die man ruk aan die teuels en hy skop met sy hakskene in die perd se lieste vas. Die perd snork en spring weg. Die klein klippies en stof spat onder die lewendige dier se hoewe uit. Natie kyk verskrik op. Hoekom is die vreemdeling nou ewe skielik so haastig? 'n Oomblik gelede het hy verseker dat hy pootuit is en hy het dit feitlik verwelkom dat Natie hom vir 'n koppie koffie uitgenooi het, en daar trek hy nou vinnig oor die aarde. Hy lê plat op die perd en die ros roer onder hom. Dit lyk byna asof hy vir lewe en dood wegjaag. Op die oomblik toe die vreemdeling sy perd so vinnig laat wegspring het, het die twee polisiemanne net agter die hoogte verdwyn. Hulle perde is nou besig om teen die steiltes op te beur so vinnig soos hulle kan.

Natie staar die vreemdeling verbaas agterna en hy hou hom dop totdat perd en ruiter agter 'n hoë rots verdwyn en nie weer te voorskyn kom nie.

Die seun skud sy kop en kyk dan af na die Griekwa wat nou weer tot verhaal kom. Met verskrikte oë staar hy na die wit seun. Dit is duidelik dat hy dadelik agterkom dat die groot, skraal man nie meer daar is nie. Hy probeer opstaan, sy gesig vertrek.

,,Basie, waar is die groot baas. Waar is daardie ander Deusman?''

,,Jy is nou bang, nè? Hy het jou met dieselfde medisyne terugbetaal, nè?''

,,Ou seurtjie, laat ek asseblief maar gaan. Waar. . . waar is my perd?''

,,Hy is met jou perd weg. . . maar jy sal nie 'n perd nodig kry nie, Griekwa. Jy gaan tronk toe. Jy het my aangerand en boonop is jy 'n dief. Daar is die vuurtjie nog waar julle vanoggend die gesteelde bok gebraai het.''

Die Griekwa hoor vir die eerste keer die hoefslae. Hy kyk vinnig op en sien dan die twee perderuiters net toe hulle agter 'n klompie vaalbosse uitkom. Die twee ry nou vinnig in die rigting van die seun en die gewonde Griekwa.